C.3B.71

60?

PAULUS 'N LEIDSMAN EN BESIELING VIR SY MEDE-CHRISTEN-WERKERS. (Kol. 4: 7-18)

(Ds. Beyers Naudé).

Meer leiers:

"Leiers! Gee ons meer en beter leiers!" Dis die geroep van ons tyd: die roep wat opgaan vanuit die harte van miljoene mense wat op die aardbol woon. Op alle gebiede van die menslike lewe word sulke leiers gesoek: vertroubare, versiende, vaardige manne en vroue - maar op geen gebied word meer ernstige en volhardend gesoek en na sulke leiers uitgesien as op die gebied van die gees en die godsdiens.

En nou tref dit ons dat juis op hierdie gebied sulke leiers skaarser en moeiliker te vind is as op baie ander gebiede: heelwaarskynlik omdat die eise vir die werk en die verwagtings van die wêreld soveel hoër is as op enige ander gebied van die menslike lewe.

Daarom is dit so nodig dat ons, jong Christene, die leiers van môre, gaan soek in die lewes van groot Christenleiers om vas te stel wat die aard, die geheim en die vrug van hulle leierskap was - sodat dit vir ons kan dien as rigting en besieling om iets van daardie leierskap te ontdek en te beoefen. // Naas Jesus Christus, ons opperste Leidsman, is daar min figure in die geskiedenis van die Christendom van wie daar soveel besielende leiding en krag uitgegaan het as van Paulus, die groot gesant van die evangelie in die eerste eeu.

Omdat dit onmoontlik is om die volle omvang van hierdie reusefiguur se leierskap te bepaal, wil ons net drie gesingspunte van Paulus se leierskap besien en beoordeel:

I. PAULUS: DIE AARD VAN SY LEIERSKAP.
II. PAULUS: DIE VRUG VAN SY LEIERSKAP.
III. PAULUS: DIE GEHEIM VAN SY LEIERSKAP.

## I. PAULUS: DIE AARD VAN SY LEIERSKAP:

In Paulus, die grootste Christenleier van die kerk van Jesus Christus in die eerste eeu, ontmoet ons 'n man met uitstaande bekwaamhede, 'n man met 'n kragtige persoonlikheid, 'n man met ongelooflike werkkrag. En tog lê die ware aard van sy leidsmanskap dieper as op hierdie vlak en moet ons dit gaan soek in sekere geesteskwaliteite wat 'n onuitwisbare stempel op sy leierskap afgedruk het. Van daardie geesteskwaliteite noem ons hier net drie:

Selfverloënend:

(1) SELFVERLOËNEND: Baie mense het groot dinge tot stand gebring deur die werk wat hulle ander mense laat doen het sonder dat hulle self baie daarvan gedoen het. // By Paulus was dit net andersom: alles wat hy van ander verwag het, het hy eers self gedoen - of bewys dat hy gewillig was om dit te doen. Nooit het hy homself gespaar of verskoon nie: of dit 'n tent was wat hy saam met Aquilla help maak het of 'n brief wat hy geskryf of laat skryf het of 'n getuienis wat hy onder tergende omstandighede moes lewer - in alles was hy die offervaardige, die dienende, die selfverloënende, getrou aan die lering van die Meester wat gesê het: "Maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees."

Samewerkend:

(2) SAMEWERKEND: Maar selfverloëning alleen vorm nog nie 'n ideale leier nie: dit het Paulus ook bewys deur die besondere genade wat hy ontvang het om nooit alleen te werk as hy enigsins met ander kon saamwerk nie. Keer op
a) keer maak hy melding in sy briewe van sy „medewerkers."

b) in die evangeliediens en noem hy talle van name - 'n aanduiding van hoe innig en wydomvattend daardie samewerking was: Aquilla en Priscilla, Urbanus en Timotheus (Rom.16) en Aristarchus, Markus en Lukas (Kol.4) - om maar net 'n paar voorbeelde te noem. Maar dis nog nie al nie: op elke
c) sendingreis neem Paulus 'n reisgenoot en mede-arbeider saam: Barnabas op sy eerste reis, Silas op sy tweede en Lukas en andere op sy derde. Gaan gerus die lang lys van name na
+ 2 Tim. 4 in Rom.16 en Kol. 4 deur Paulus opgenoem as bewys van sy intieme omgang en sy persoonlike belangstelling in mede-Christene en hulle lotgevalle. En hoe het hy nie gesoek om by elke moontlike geleentheid elke moontlike werkkrag in te skakel en toe te rus om saam te werk in diens van Christus en sy kerk!

Sêvierend:

(3) SEEVIEREND: Maar samewerking alleen is nie genoeg om 'n ideale leier te vorm nie: daarby is nodig die vermoë om waar nodig met selfver~~sekerdheid~~ [trou] self voor te gaan. So het Paulus ook opgetree - as man van durf en moed, met 'n onwrikbare geloof en 'n onverskrokke daad. Hierdie man het die onmoontlike moontlik gemaak en geglo. Laat net vir 'n oomblik voor u geestesoog die wydse omvang van sy arbeid, die hoeveelheid en rykdom van sy geskrifte, die grootheid van sy evangeliseringsprogram in baie lande, verbygaan! En dit met 'n liggaam verswak deur marteling en pyniging, blootgestel aan siekte, ontbering en dood!

~~En tog~~ [Daarom] kon niks en niemand hom keer waar hy oortuig was dat God hom roep of stuur nie. Moenie die verkeerde indruk kry dat hy hardkoppig en eiesinnig sy eie weg wou gaan nie - nee! Nee, verstaan en verklaar dit in die lig van 'n man wat was geglo~~d~~ en daarvolgens geleef het: „Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars". Is dit 'n wonder dat hy so kon lei en besiel?

Die drie S'e → Die aard van ons leierskap : in KJV - in kerk - in land

II. PAULUS: DIE VRUG VAN SY LEIERSKAP:

II VRUG:

Na byna twintig eeue kyk ons terug op die loopbaan van hierdie groot Christenleier. Twintig eeue - 2000 jaar. Watter suiwerder toets is daar vir die blywende invloed en ewigheidswaarde van 'n mens se lewe as die tyd? En as ons nou terugkyk dan staan ons oorstelp vir die geseënde vrug van hierdie man as leidsman. Ons merk die vrug:

(1) IN DIE LEWE VAN SY MEDEWERKERS: Besieling en krag het van hierdie man van God uitgegaan - 'n besieling wat sy medewerkers van die eerste eeu en van baie eeue tot ongekende hoogtes van gebed, van getuienis, van geloof gevoer het. Vir elkeen van hulle het die lewe ewigheidswaarde gekry. Hulle is aan Paulus verbind met 'n diep en innige lojaliteit - omdat hyself verbind was aan 'n nog dieper lojaliteit! En hierdie seënryke invloed het sterker geword namate die eeue gekom en gegaan het. Wie sal die ry, ja, die skaar van medewerkers kan tel wat hulle deur die loop van die jare laat lei en besiel het deur hierdie Godsgesant se voorbeeld en diens? Deur sy geskrifte aangegryp!

(2) IN DIE LEWE VAN SY KERK: En in die kerk van Christus - wie kan bereken wat die uitwerking was van Paulus se leierskap vir die koninkryk van God? Wie kan bepaal hoe ver sy invloed gegaan het - enog sal gaan? Dink net aan al die gesaghebbende uitsprake wat Christus deur hierdie man aan sy kerk gebring het op die gebied van die huwelik, die staat, die verlossingsleer en ander geloofswaarhede?
Sending: Wie kan bepaal watter seën en krag daar op die sending uitgegaan het deur die ywer en arbeid van hierdie groot sendingpionier? - Iemand deur sy wa[?] siel gevra[?]!

(3) IN SY EIE LEWE: Maar nooit mag ons vergeet dat hoe groter Paulus se leierskap gegroei het, hoe swaarder sy verantwoordelikheid, hoe meer het ook hyself gegroei en toegeneem in genade en wysheid en sterkte. Hoe wyer sy visie, hoe nouer sy gemeenskap met sy Here en God! Hoe hoër die eise van die werk, hoe laer het hy gebuig voor sy Koning as dienskneg en slaaf! Is dit 'n wonder dat die vrug van hierdie man se leierskap en besieling nie gemeet of bepaal kan word nie?

III. PAULUS: DIE GEHEIM VAN SY LEIERSKAP: Wat was dit? Was dit omdat hierdie man soveel bekwaamhede besit het, dat so 'n ontembare gees sy lewe beheers het, so 'n fenomenale werkkrag sy arbeid gekenmerk het? Was dit te danke aan sy besielende persoonlikheid? Of het al hierdie gawes en talente eers bruikbaar geword van 'n verborge innerlike krag wat sy lewe gedomineer het?

III GEHEIM

Dis nie moeilik om 'n antwoord te gee nie - dit lê voor die hand. Ons wil dit so stel dat die geheim van sy leierskap geleë was in:

(1) ALGEHELE GEHOORSAAMHEID AAN SY LEIDSMAN: Van die oomblik van Paulus se bekering op die Damaskuspad het Christus Jeus 'n totale gesag oor hierdie groot leier verkry en uitgeoefen wat dwarsdeur geloop het tot die dag van sy dood. Onvoorwaardelik, onverskrokke, onbevrees was y onderwerping aan die gesag van God oor sy lewe, denke en wille. Alles oorheersend was hierdie gesag van Christus, sy Leidsman. Daarvan getuig een gebeurtenis na die ander: toe Paulus bv. op sy tweede sendingreis die noodroep in die nag ontvang van die man van Macedonië, het hy onmiddellik gehoorsaam om daardeur te bewys wat hy bely het: „Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

Macedoniese roepstem

Is dit 'n wonder dat hierdie man soveel gesag kon wek en uitoefen dat hy met reg aan Timotheus en die gemeentes kan skrywe: „Ek vermaan julle" en „Ek beveel" (2 Tim.2:1 ens.) - nie omdat hy 'n diktator was nie, maar omdat hy hom eers onderwerp het aan die gesag bo alle gesag?

ONGEDEELDHEID

(2) ALGEHELE TOEWYDING AAN SY LEWENSROEPING: Dis moeilik om 'n lewe te vind waar hierdie waarheid treffender tot uiting kom as in die lewe van Paulus - 'n man met een alles oorheersende ideaal, een vaste einddoel: my lewe in diens van die koninkryk van God! Hierdie toewyding het sy hele denke, sy prediking, sy geskrifte, sy arbeid gevorm en beheers. In so 'n mens se hart is daar geen plek vir innerlike verdeeldheid wat jou kragte verswak en jou optrede verlam nie! Want alles in en om jou word diensbaar gemaak aan Gods ryk!

GETROUHEID

(3) ALGEHELE LOJALITEIT AAN SY LEWENSMAATS: Dwarsdeur Paulus se lewe het hierdie prysenswaardige karaktertrek na vore gekom - die bereidheid om getrou te wees as jou medewerkers, om nie eie eer te soek of te vra om jou eie belange en idees te onderwerp aan die belange van die Christengroep wat jy geroep was om te dien. Is dit 'n wonder dat sy medewerkers hom kon vertrou, op sy woord kon reken, op sy leiding kon staatmaak deur dik en dun? O, wat beteken dit nie as 'n Christenleier lojaal kan wees - lojaal aan sy vereniging, sy werk, sy getuienis, omdat hy lojaal geword het teenoor sy Opperste Leidsman?

Weer sê ons: dis sulke leiers wat God verlang vir sy ryk en wat Christus wil vorm vir sy werk. En aan ons as

4/............

NB

Kerkjeugvereniging is die geleentheid vergun, meer as aan enige ander vereniging in ons kerk, om sulke leiers te kweek - nie net vir ons vereniging nie, maar ook vir die kerk as geheel. Meer as ooit is ek oortuig van die dringende erns van die saak: dat ons Kerkjeugvereniging baie meer aandag moet geen aan hierdie sy van sy werk: die vorming en toerusting van vrywillige jeugkragte jaar na jaar, sonder onderbreking om dié jongmense te vervang wat opgeneem word in die ander afdelings van ons kerk se werk. Ons moet gedurig onthou dat as iemand op die jeugakker eenmaal gevorm, toegerus en besiel is tot 'n suiwer leierskap, dan gaan daardie diens en arbeid nooit weer verlore nie - want dit word diensbaar op elke akker van die kerk se werk: in die sending, in kerkraaddiens, in susterverenigings, in evangelisasiewerk!

Ons voorreg: vorm vir hele Kerk

En ons heerlike voorreg is dit om sulke jong manne en vroue se sluimerende kragte en talente te laat ontluik en ontplooi in die diens van die koninkryk van onse Here Jesus Christus! Mag die lewe en leierskap van 'n Paulus, dienskneg van Jesus Christus, ons daartoe aanspoor en instaat stel!

Leiding neem deur medewerking bied
Leiers word deur Xten-diens te leer

## PAULUS, 'n LEIDSMAN EN BESIELING VIR SY MEDE CHRISTENWERKERS

### V R A E

1. Is die leierskap wat ons as blankes uitoefen sodanig dat dit deur die nie-blanke gewillig aanvaar en gevolg word? Indien nie, hoe kan dit verander word sodat dit blywende vrug kan dra?

2. Wat is fout met ons besieling dat so 'n klein getal jongmense as medewerkers in Christus verkry word? Hoe kan ons dit verander?

3. Hoe kan ons Kerkjeugvereniging baie meer vrywillige jeugleiers kweek om diens te doen op al die akkers van die kerklike werk - en by name die sendingakker?

4. Hoe kan ons onsself, ons jeug, ons volk, bring tot groter offers van gawes, kragte en gebed tot uitbreiding van Gods Koninkryk?

5. Hoe kan ons as Kerkjeugvereniging as medewerkers leiding gee aan die nie-blanke jeug in ons sendingkerke tot bevordering van hulle kerklike jeugwerk?